'N SEETONEEL - LOUIS NEL

Hierdie Saikei is 'n toneel êrens langs 'n tropiese kus in Afrika. Dit stel met ander woorde nie 'n tipiese Japanese toneel met windverwaaide dennebome voor nie.

In 'n Saikei aanplanting moet 'n voorstelling van 'n toneel van naby, in die middel of van ver af weergee word.

Ek het verkies om die aanplanting te maak asof dit op 'n middel afstand waargeneem word. In hierdie Saikei is die rotse teen aan die see 'n baie belangrike element wat die idee moet gee van 'n rotsrif wat in die see inloop. Rotse moet die indruk skep van water wat sagter dele van die rots wegkalf.

'n Paar reels moet nagekom word vir 'n suksesvolle Saikei:-

1. Onewe getal bome en klippe.
2. Daar moet 'n eenheid in die hele aanplanting teenwoordig wees en dit word verkry deur;
   a. STABILITEIT: Dieselfde spasie voor en agter die aanplanting.
   b. HARMONIE: Dieselfde soort bome en klippe wat dieselfde vorm, voorkant, profiel en rigting het.
   c. VARIASIE: Verskillende grootte, hoogte en spasie tussen bome en klippe.

MATERIAAL:

1. 11 Wilde Salies
2. 7 klippe
3. Ronde asbeshouer deursnit 55cm.
4. Grond, mos en twee kleure sand.

METODE:

Bedek bodem van houer met 'n laag grond. Plaas klippe 1-7 in posisie. Vul area tussen klippe en kant van bak met grond. Plant bome. Maak bogrond ongelyk. Maak nat en plant mos. Strooi die sand aan die see se kant.



BINNELANDSE STROOMPIE - CHARLES CERONIO

'n Binnelandse stroompie kan op verskillende maniere voorgestel word nl. waar dit deur 'n digte immergroen bos deurvloei of 'n bladwisselende bos soos die Apiesrivier wat deur die Witstinkhoutbos by die Fonteine deurkronkel of 'n stroompie in 'n moeras met 'n enkele boom as fokuspunt. 'n Binnelandse stroompie kan selfs 'n waterval voorstel wat teen digbegroeide kranse afstort. Die water kan in 'n poel in stort wat omring is van varings en ander plante wat in die mistigheid gedy.

Die tradisionele Saikei waarin 'n stroompie deurvloei kan uit immergroen of bladwisselende bome of 'n mengsel van albei bestaan.

Die beste effek is om 'n naby aansig as uitgangspunt te neem waar die hoofbome in die voorkant geplant word met die kleiner boompies na agter.

Dieselfde geld vir die stroompie of rivier wat dus breed begin tussen die klipbanke en smaller na agter eindig.

Die volgende sketsplan dien as voorbeeld van die samestelling: